STAPTOG TERUGVOER

DIE KREEFROETE LANGS DIE WESKUS

24-27 SEPTEMBER 2015

Van 24 – 27 September 2015 het ‘n groep van 12 hierdie besondere stukkie kus tussen Elandsbaai en Ebenaeser verken. Peter Owies, `n boorling van Doringbaai, is die koördineerder van hierdie gemeenskapsinisiatief. Linda du Toit het die roete beplan en tussen haar en Peter, en met die hulp van twee verdere gidse op die eerste twee dae, Delene en Dean, het ons klomp stappers `n besondere ervaring kon geniet.

Die prys van R3,500 is bietjie van `n luukse, maar dan was dit wat ons daarvoor gekry het ook die geld werd: „slack packing“, d.w.s. ons baggasie is vervoer, lekker oornagplekke in Elandsbaai, Lambertsbaai en Strandfontein, heerlike ontbyte en aandetes elke dag, kospakkies vir die middagtyd op die stap, `n warm stort elke aand, en veral vele interessante stories en inligting oor die plekke wat ons op pad verken het.

Van die hoogtepunte was `n aandete by Muisbosskerm, die eerste buitelug-restaurant met sy seekosse en ander lekkernye, `n wynproe in Doringbaai se hawe by Fryer`s Cove se kelder in die ou kreeffabriek (en die wynmaker brou ook heerlike bier), die besoek op Lambertsbaai se Bird Island met veral die groot skare van ongeveer 25,000 Malgasse (gannets), twee nagte in die pragtige vakansiedorp Strandfontein, besoeke by die vissersplek Papendorp en die historiese sendelingstasie Ebeneaser (gestig 1854), en die bootrit op die Olifantsrivier met die boer Allan aan die stuur tot by hulle plaas op die oewers van die rivier.



Die stapafstande en die terrein was wisselend, met die eerste 27km in die sand langs die waters, maar dan ook oor riwwe en klippe, langs kranse en deur sandduine, en deur die modderigheid van die „wetlands“. Gemeenskaps-taxis het ons, en ons baggasie, tussen die plekke vervoer waar ons nie gestap het nie. In totaal het ons seker so 60km afgelê.

Kommentare van die stappers: „Die roete self was baie mooi, eintlik kon daar by die korter dae nog ‘n paar kilometer bygevoeg word maar mens verstaan die logistieke probleme. Verder was dit een groot fees en ‘n groot bederf. Ook die lekker saamkuier elke dag was vir my spesiaal. Mens wonder net hoe die mense wins kan maak as hulle so baie op ons spandeer het! (Sybil)” ; “Ek hoop dat julle die res van die stap so baie geniet het soos wat ek my deel geniet het. Dit was vol verrassings en ervarings. En dit was so ’n lekker groep. Ek was regtig spyt dat ek julle moes verlaat“ (Corene moes na 1 ½ dae ophou omdat sy siek geword het).

Klaus-Gerd von Pressentin